Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

# TELEMATIESE ONDERRIGPROJEK

# 2019

# GRAAD 10 AFRIKAANS HUISTAAL

# BRONMATERIAAL

# VRAESTEL 1:

# AFDELING A – LEESBEGRIP &

# AFDELING C – TAALSTRUKTURE

Liewe Graad 10-leerder

Jy staan aan die begin van die laaste fase van jou skoolloopbaan. Veels geluk en baie sterkte daarmee!

Tydens die vier telematiese uitsendings vir Afrikaans Huistaal gaan Vraestel 1, Afdeling A (Leesbegrip) en Afdeling C (Taalstrukture en –konvensies) bespreek word. Die uitsendings vir Afrikaans Huistaal vind op die volgende dae en tye plaas:

| **Datum** | **Tyd** | **Onderwerp** |
|---|---|---|
| Woensdag 20 Februarie | 15:00 – 16:00 | Afdeling A – Leesbegrip (Woordteks) |
| Woensdag 6 Maart | 16:00 – 17:00 | Afdeling A – Leesbegrip (Visuele teks) |
| Maandag 14 Oktober | 15:00 – 16:00 | Afdeling C – Taalstrukture |
| Dinsdag 22 Oktober | 15:00 – 16:00 | Afdeling C – Taalstrukture |

Hierdie Bronmateriaal bevat die formaat van die twee afdelings, vaardighede wat vir elke afdeling nodig is en leerwerk oor sommige taalstrukture wat jy gedurende die jaar gaan behandel. Daar is ook oefeninge ingesluit.

Die lesse sal aangebied word aan die hand van die inligting, leerwerk en oefeninge wat in hierdie bronmateriaal saamgevat is. Die antwoorde van die voorbeeldvrae oor Leesbegrip sal aan jul onderwysers beskikbaar gestel en ook op die WKOD se ePortaal gelaai word.

Bring skryfpapier (of jou skryfboek vir Vraestel 1) en die Bronmateriaal saam na elke Telematiese uitsending en gebruik dit ook wanneer jy vir toetse en eksamens oor hierdie aspekte voorberei.

Die lesse word aangebied deur kundige onderwysers wat spesiaal vir hierdie onderrigprojek aangestel is. Die sukses van die projek, en ook jou eie sukses, sal afhang van hoe jy aan die onderrig deelneem en hoe jy in jou studietyd verder sal werk aan dit wat in die onderrig na vore gekom het.

Alles van die beste.

C. J. Banda

Senior Kurrikulumbeplanner: Afrikaans (VOO)

**20 November 2018**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**


Leesbegrip word in Afdeling A (Vraag 1) van Vraestel 1 getoets. Vrae word oor twee tekste gestel: ’n woordteks en ’n visulee teks

**HOE LEES EK ’N BEGRIPSTOETS?**

Die twee soorte tekste (woordteks en visuele teks) moet elk op sy eie manier gelees word.

**Die woordteks (Teks A)**

**HOE OM DIE WOORDTEKS TE LEES: ’N SKEMATIESE VOORSTELLING**




**Stap 1:** **Soeklees** die teks om ’n breë oorsig oor die inhoud te kry. Let op na die volgende:

- die titel/opskrif en sub-opskrif
- die inleidingsparagraaf (dit skep soms die agtergrond vir die teks)
- die eerste sin van elke daaropvolgende paragraaf
- die slotparagraaf (dit som dikwels die hoofidee/ kernboodskap/ van die teks op)

**Stap 2:** **Vluglees** die vrae. Let op na die volgende:

- wie-, wat-, waar-, wanneer- en hoekom-inligting
- instruksiewoorde
- kernbegrippe

**Stap 3:** **Lees** daarna **elke paragraaf** afsonderlik deur en skryf elke keer in die kantlyn neer hoe dié paragraaf by die titel aansluit.

**Stap 4:** **Omkring moeilike/vreemde woorde**. Probeer die betekenis aflei deur die voorafgaande en die daaropvolgende sinne weer te lees.

**Stap 5:** **Lees die vrae** deur en ondersteep die **sleutelwoorde**.


**Stap 6:** **Onderstreep die antwoorde** in jou leesstuk en **nommer** dit dieselfde as jou vrae.

## HOE LEES EN KYK EK DIE VISUELE TEKS (TEKS B)?

### STAP 1: BESTUDEER AL DIE DETAIL IN DIE VISUELE TEKS:

Let veral op na die volgende aspekte wanneer jy die visuele teks ontleed:

- ✓ wat is die inhoud van die visuele teks?
- ✓ indien daar mense in die teks voorkom, wat doen hulle/wat is hulle funksie/waar bevind die mense hulle?
- ✓ bestudeer die mense se gesigsuitdrukkings en liggaamstaal
- ✓ watter gebare maak die mense in die visuele teks?
- ✓ kan jy enige afleiding maak t.o.v. die gebruik van ligte en donker kleure in die teks?
- ✓ die posisie van elke aspek in die visuele teks: wat vertoon die prominentste /wat is in die middel van die visuele teks en waarom is dit daar geplaas?
- ✓ let op na die afwisseling in lettertipes en -grootte




### STAP 2: LEES DIE BEWOORDING VAN DIE VISUELE TEKS EN PROBEER OM VERBANDE TUSSEN DIE VISUELE TEKS EN DIE WOORDTEKS [TEKS A] TE LÊ.

Skenk veral aandag aan die volgende aspekte:

- ✓ lees die woorde in die opskrif van die visuele teks en bring dit in verband met alle ander woorde wat in die visuele teks gebruik is
- ✓ probeer om verbande tussen die visuele teks se woorde en begrippe/temas/hoofgedagtes in Teks A te lê.
- ✓ stel vas watter woorde die grafika in die visuele teks ondersteun.

### STAP 3: LEES DIE VRAE VAN DIE VISUELE TEKS EN BEANTWOORD DIT.

Vrae oor die visuele teks kan oor enige van die volgende aspekte handel:

- ✓ die teikenleser/teikenmark
- ✓ die grafika of karakters
- ✓ die plasing van voorwerpe/ karakters
- ✓ oorredingstegnieke: oorredings-, gevoels- en manipulerende taal en partydigheid
- ✓ tipografie asook lettertipes en -grootte
- ✓ direkte en geïmpliseerde betekenisse
- ✓ die identifisering van feite en menings met gepaste motivering
- ✓ die verband tussen die visuele teks (Teks B) en die woordteks (Teks A)

**WATTER VAARDIGHEDE HET EK NODIG OM BEGRIPSVRAE TE BEANTWOORD?**

**Identifiseer direkte inligting**
- Wie-, wat- en waar-inligting
- Inligting soos dit direk in die teks genoem word

**Dui verbande aan**
- Die ooreenkomste of verskille tussen dele van die teks
- Oorsaak en gevolg

**Maak afleidings**
- Vorm opinies op grond van die inligting in die teks
- Verbind inligting in die teks met jou eie kennis

**Herorganiseer**
- Weergee inligting in die teks op jou eie manier

**HOE OM DIE LEESBEGRIPVRAE TE BEANTWOORD:**

1. Volg die instruksie soos by elke vraag aangedui (volsin, slegs die woord, agtereenvolgende woorde, aanhaling ens.)
2. Kyk hoeveel punte ’n vraag tel sodat jy weet hoeveel inligting jy moet gee.
3. Let op na vrae wat uit twee of meer dele bestaan; ons noem dit stapelvrae. Jy moet alle dele in die korrekte volgorde beantwoord, anders verbeur jy punte. *Voorbeeld*: Watter app sou jy graag wou ontwerp om ’n tiener se lewe te vergemaklik? Waarom sou jy hierdie toepassing as waardevol beskou en hoe sal dit ’n tiener se lewe vergemaklik?
4. Die vrae word gewoonlik vanaf die eerste tot die laaste paragraaf gestel.
5. Nie alle vrae se antwoorde is altyd in die leesstuk nie – soms moet jy jou eie opinie, oordeel, ens. gee.

## OEFENTEKS A: Woordteks

Die trein ry weer

’n stad in die Oos-Kaap

### Appeltrein stoom weer voort in Port Elizabeth

2010 tot 2017

Die trein ry weer

1. Dit het sewe jaar geneem, maar die Appeltrein is terug op sy spore.

Die trein het in 2010 laas gery.

Diewe wou koper steel

2. Dié stoomtrein, wat in 2010 sy laaste stoom geblaas en toe die teiken van koperdiewe geword het, het vandeesweek met ’n splinternuwe blink, appelrooikleurige baadjie die smalspoor by Kings-strand met ’n lang fluit gevat.

trein se nuwe naam

3. “Voortaan sal die trein as die Nelson Mandelabaai-stoomtrein bekend staan,” het Andrew Whitfield, burgemeesterskomiteelid van die Nelson Mandelabaai Metropool, gister op die mediabekendstelling van die trein gesê.

die naam van die munispaliteit

4. Anele Qaba, uitvoerende direkteur van ekonomiese ontwikkeling, landbou en toerisme, meen die stoomtrein se naam is gepas. “Die metro het R2,5 miljoen in die projek belê. Dit maak dus sin dat hy na die metro vernoem word.

redes waar= om naam veran= der is

5. Qaba voeg het verder gesê: “Dit maak ook vir bemarking sin dat die trein na die metro genoem word. Wanneer toeriste vakansies bespreek, soek hulle na die metro se naam.”

6. Oor die vorige naam van die trein sê sy: “Dit is geskiedenis dat die trein appels tussen die Baai en die Langkloof vervoer het. Dit is egter nie meer die geval nie.”

7. Die Port Elizabeth-Avontuur-smalspoorlyn is in 1899 goedgekeur en die bouwerk het in 1902 begin. In 1906 het dit by Avontuur die eindpunt bereik en dis vroeg in 1907 oopgemaak.

ontwikke= ling van die spoorlyn

waarom die spoorlyn besonders is

8. ’n Hooflyn met ’n lengte van 284 km van Port Elizabeth na Avontuur is die langste smalspoorlyn ter wêreld, wat die Van Stadens-spoorwegbrug, die hoogste smalspoorwegbrug ter wêreld, oorsteek.

9. In 1914 is die 30 km lange taklyn van die Gamtoosstasie na Hankey en Patensie geopen om dié ryk besproeiingsboerdery te bedien.

Wie sal voordeel uit die trein trek? Wie het gehelp om dit te herbou?

10. Nerina Skuy, hoof van die Apple Express Rail Company, het gesê die trein is hier vir die nageslagte. “Hier is baie witkop-vrywilligers, want ons het die mense met die beste en meeste ervaring gekry om dié ikoon van die stad te herbou.

weer bou

11. Die stoomtrein het jare lank ’n toeristediens in en rondom Port Elizabeth verskaf. Dit is presies wat die lokomotief oor die volgende 22 dae weer sal doen.

Doel van trein

met ’n goeie kans om voort te bestaan

12. Dié tydperk sal die trein se lewensvatbaarheid bepaal, maar te oordeel na die lang toue mense by die kaartjieskantoor blyk die treinrit in groot aanvraag te wees.

13. Vyf ritte word daagliks aangebied om 09:00, 10:30, 12:00, 14:00 en 15:30.

ritte op vasgestelde tye

14. Whitfield verduidelik die eerste fase, wat sowat R2 miljoen gekos het om die wiele weer aan die rol te kry, is 'n rit van 'n uur lank tussen Kings-strand en die lughawe in Port Elizabeth.

3 fases om die trein weer te gebruik

15. "Maar met fase twee, wat hopelik teen volgende jaar gereed sal wees, sal die trein al die pad deur die Walmer-township tot by die Baywest-winkelsentrum kan loop," sê sy.

16. Inwoners van die Walmertownship sal binnekort vir samesprekings en insae in die projek genader word voordat werkers aan die spoorlyn in die gebied begin werk.

17. Daar is ook planne om 'n platform vir passasiers by die Baywest-winkelsentrum te bou sodat die trein soos 'n kleiner, stadiger weergawe van die Gautrein gebruik kan word.

Die Gautrein is 'n trein in Gauteng wat o.a. vanaf winkels in Sandton na die OR Tambo - lughawe ry.

18. "Sodra die laaste fase in die stad voltooi is, is daar nog planne soos om die trein tot in Loerie te neem. Daarvoor sal ons natuurlik eers met die Kouga-munisipaliteit moet praat," sê Whitfield.

planne om die trein verder te laat ry

19. Daar is ook planne om die spoorlyn by Transnet oor te neem, maar vir eers brand die munisipaliteit se vreugdevure hoog met die viering van dié eerste mylpaal.

Hoe voel die munisipaliteit omdat die trein weer ry?

[Bronne: ***Son*** en ***Volksblad***, 28 Desember 2017]

Vrae:

1. Watter negatiewe daad het ná 2010 gebeur toe die Appeltrein nie meer gebruik is nie? (1)
2. Wat sal die nuwe naam van die Appeltrein wees? (1)
3. Herlees paragraaf 4, 5 en 6. Gee dan, in drie volsinne, drie redes waarom die trein se naam verander moes word. (3)
4. Dink jy dit is reg dat die trein se naam verander is? Motiveer jou antwoord. (1)
5. Waarom was die naam "Appeltrein" voorheen gepas? (1)
6. Wat, dink jy, bedoel Nerina Spuy met "witkop-vrywilligers" in paragraaf 10? (1)
7. Waarvoor is die trein destyds in die Port Elizabeth-omgewing gebruik? (1)
8. Dink jy die trein sal ná die 22 dae weer voltyds kan ry? Motiveer jou antwoord deur die inligting in paragraaf 13 te gebruik. (1)
9. Volgens paragraaf 14, 15 en 17 bestaan die hergebruik van die trein uit drie fases. Skryf drie volsinne neer om elke fase op te som. (3)
10. Watter verskille is daar volgens paragraaf 17 tussen die nuwe Appeltrein en die Gautrein? (2)

**[15]**

## OEFENTEKS B: Visuele teks




[DB, 20 Oktober 2018]

Vrae:

1. Watter situasie heers in die spotprent? (1)
2. Waarom word die man wat staan op die voorgrond geplaas? (1)
3. Watter visuele bewys is daar dat die tein al lank stilstaan? (1)
4. Wat is die doel van die koerantopskrif waarna die vrou wys? (1)
5.

5.1. Waarom word die woord AGTUURTREIN in die spraakborrel in vetdruk geskryf? (1)

5.2. Verduidelik na aanleiding van die man se woorde in die spraakborrel wat die verskil tussen die AGTUURTREIN en die treine in paragraaf 13 van Teks A is. (2)


6. Een van die manlike passasiers trek die hare van 'n slapende passasier. Watter afleiding kan uit hierdie optrede gemaak word? (1)
7. Drie van die passasiers kyk na die man met die uniform. Watter emosie kan van hul gesigsuitdrukkings afgelei word? (1)
8. Watter ooreenkoms is daar tusen Teks B en paragraaf 2 van Teks A? (1)

**[10]**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

Die onderstaande lys bied 'n opsomming van die taalstrukture en -konvensies wat jy moet bestudeer.

*Taalverskynsels*
*Betekenisleer en figuurlike taal*
*Woordvorming/ Morfologie*
*Klankleer en spelling*
*Skryf- en leestekens*
*Woordsoorte*
*Verbindingswoorde by die skryf van sinne en paragrawe*
*Sinsleer*
*Direkte en indirekte rede*
*Lydende en bedrywende vorm (aktief en passief)*
*Ontkenning, Tye en Sinswyse*
*Kritiese taalbewustheid*



(Bron: Clip Art)

In Afdeling C van Vraestel 1 moet jy in staat wees om na aanleiding van 3 verskillende tekssoorte vrae oor bogenoemde taalstrukture te beantwoord:

***Vraag 3 – Advertensie***
***Vraag 4 – Visuele teks (strokiesprent)***
***Vraag 5 – Woordteks (kort koerantberig/ tydskrifartikel)***

**AANTEKENINGE OOR TAALSTRUKTURE**

Hieronder volg opsommende aantekeninge van sommige taalstrukture. Om goed te vaar in Afdeling C van Vraestel 1, moet jy die inligting wat in hierdie afdeling voorkom, ken en kan toepas.

**KLANKE**

**Vokale (klinkers)**

- ✓ Skryf: 5 letters (= a, e, i, o, u); uitspraak = 20 klanke




**Diftonge (tweeklanke):**

- ✓ 'n Samesmelting van twee vokaalklanke in dieselfde lettergreep

**ai** (baie); **aai** (kraai); **ei** / **y** (veil, skyn);
**eeu** (meeu); **êi** (bedjie, tameletjie)
**oi** (toiings, hondjie); **ôi** (nôi); **ooi** (mooi)
**oei** (groei); **ou** (woud); **ui** (kluis)

**Konsonante (medeklinkers)**

b; d; gh; h; j; l; ch (China); f; g; k; p; s; m; n; ng; r; w; v; s; sj; t; x; z

**Affrikate (soort konsonante)**

- ✓ **ts**: tsetse, tsaar, tsamma ('n woestynplant), Tsjeg, tsotsi
- ✓ **tj:** tjalie; tjello

**Klankgrepe:**

- ✓ **Klankgrepe** hou verband met hoe 'n mens die klanke uitspreek; **Klankgreepverdeling:** die verdeling van klanke soos 'n woord uitgespreek word
- ✓ Wenk: skryf net wat jy hoor, bv. a-se-blief (asseblief); har-kie (hartjie)

**Lettergrepe:**

- ✓ **Lettergrepe** verwys na een of 'n aantal letters waarin 'n woord by skryf verdeel word
- ✓ **Lettergreepverdeling** is die verdeling van woorde volgens hoe 'n woord gespel word
- ✓ Verdeel:
  - voor 'n medeklinkerletter wat tussen klinkers staan, bv. *be-ker*
  - tussen twee medeklinkerletterd wat tussen vokale staan, bv. *ek-sa-men*
  - tussen twee eenderse letters, bv. *pa-raf-fien*
  - tussen **n** en **g**, bv. *in-ge-ni-eur; an-gel*
  - tussen **s** en **j** as dit aparte klanke verteenwoordig, bv. *as-jas*

**KLANKVERSKYNSELS [Almal Kan Kom Kuier Na Ons Op Pêrelberg Vergader (het)]**

**Assimilasie**

- ✓ Naburige klanke beïnvloed mekaar: *aanpas* word *aampas; hoender* word *hoener*

**Klankverspringing (metatesis)**

- ✓ Die r-klank ruil plekke met die klinker in onbeklemtoonde lettergrepe
- ✓ *present* word *persent*; *granaat* word *gernaat; materiaal* word *teremiaal; turksvy* word *struksvy*

**Klankweglating**

- ✓ Klanke word voor, in die middel of agteraan ‘n woord weggelaat
- ✓ *lekker* word *lekke; woordvoerder* word *woordvoeder; apoteek* word *apteek*

**Klanktoevoeging**

- ✓ Klanke word voor, in die middel of agteraan ‘n woord gevoeg: *begin* word *begint;*

**Nasalering (en vokalisering)**

- ✓ Die vokaal word soos ‘n neusklank en die neusklank soos ‘n vokaal uitgespreek, *bv. wens*; *ons*

**Ontronding**:

- ✓ By die uitspraak is die lippe nie gerond nie: *skeer* i.p.v. *skeur*

**Oorronding**

- ✓ By die uitspraak is die lippe te veel gerond: *teuspoed* i.p.v. *teëspoed; mô* i.p.v. *ma*

**Palatalisasie**

- ✓ Dit vind plaas wanneer die g-klank en k-klank as gj (sj) en kj (tj) uitgespreek word.
- ✓ *geel* word *gjeel*; *kerk* word *kjerk*; *bietjie* word *biechie; kindjie* word *kinchie; kind* word *kjind/tjind; gee* word *sjee; meisietjie* word *meisiecjie*
- ✓ Nog voorbeelde: gieter, kiekie, keel=kie/eel; en ook gjeld;handjie – hainkie; mondjie – moinkie [Bron: http://www.christelikemedia.org]

**Vokaalreduksie (vokaalverswakking)**

- ✓ Die vokaal in ‘n onbeklemtoonde lettergreep word tot „n neutrale vokaal [ə] verswak: *patat* word *petat*; *rusie* word *resie*; *portret* word *pertret;*
- ✓ Soms word lang vokale kort uitgespreek: *laat* word *lat*

---

**SKRYFTEKENS**

- Die **deelteken**:
  - **Verdeel lettergrepe**
  - **Onthou:** die deelteken word op die **tweede lettergreep** (van die twee wat geskei word) geskryf. **Voorbeelde:** geëet (ge + eet); beïnvloed (be + invloed); reünie (re + unie); diëte; posseël
  - Waar woorde nie anders uitgespreek kan word nie, word deeltekens nie geskryf nie, bv. beaam, prieel
  - Ander voorbeelde: aëronout; geëien; koöperasie; hidroëlektries; mikroörganisme
- Die **aksenttekens:**
- Die **gravis** ( ̀) word gebruik in gevalle soos *crèche, dè, nè, nóg ...nóg, óf ...óf*
- Die **akuut** ( ́) word gebruik in gevalle soos *dié, attaché, cliché*
- Die akuut word ook gebruik om beklemtoning aan te dui, bv*. móét, sál, wóú*

- Die **koppelteken**:
  - Vernaamste **rede** vir die gebruik van die koppelteken: om **lees** te **vergemaklik**
  - **Voorbeelde en spesifieke redes vir die gebruik van die koppelteken:**

| Gebruik | Rede |
|---|---|
| Wes-Kaap | samestelling waarin **rigting** voorkom |
| gr.12-klas | samestelling met **syfers** of **letters** |
| poot-uit | bepaling van **gesteldheid** |
| sing-sing | herhaling |
| direkteur-generaal | saamgestelde titel (meervoud = **direkteurs**-generaal) |
| eeue-oue | opeenhoping van klinkers waar verwarring by die uitspreek kan ontstaan |
| Groot-Brittanje | aardrykskundige naam |
| ru-koper | om **dubbelsinnigheid** te vermy |
| ad hoc-komitee | koppeling met **Latynse woordgroepe** |
| Graaff-Reinet | **gekoppelde name** van dorpe, lande, stede en tale |
| om **twee-uur** | dui **tydstip** aan (teenoor “Dit het **twee uur** aangehou.” wat **tydsduur** aandui.) |

- Die **afkappingsteken**
  - In Afrikaans dui dit **meervoud** (en **verkleining**) aan en nie besit nie.
  - Meervoud en verkleiningsvorme van woorde wat eindig op **i, o** en **u** en ’n **beklemtoonde a, bv. foto’s, hoera’tjie, Hugo’s, ma’s**
  - Meervoude en verkleining van letters, syfers en getalle, bv. **b’s, l’etjie, r’e**
  - Meervoud en verkleining van eiename wat eindig op **e**, **s** of **z** wat in die enkelvoud nie uitgespreek word nie, bv. **Marais’s; Du Preez’tjie**

---

**LEESTEKENS**

**Die komma**

- ✓ Voor die voegwoorde *want* en *maar: Ek leer hard**,** want ek wil slaag.*
- ✓ By die opnoem van ’n reeks s.nwe., wwe. en b.nwe.
  - *Ons het appels**,** piesangs**,** lemoene en druiwe geëet.*
- ✓ Tussen twee werkwoorde wat aan verskillende sinsdele behoort
  - *As dit pap <u>reën</u>, <u>moet</u> jy skep.*
- ✓ Voor of na die naam van die aangesprokene: *<u>Neelsie</u>**,** waarom leer jy nie?*
- ✓ Voor en na ’n bystelling: *Jan Fortuin**,** ons <u>kranige vleuel</u>**,** het die wendrie gedruk.*
- ✓ Voor en na ’n ingelaste sin / parentese: *Ek sal**,** <u>as ek dit kan verhelp</u>**,** dit nooit weer sê nie.*

**Die aandagstreep** ( – )

- ✓ Die aandagstreep word gebruik om die leser se aandag te vestig op die inligting wat ná die eerste aandagstreep volg.
- ✓ Die aandagstreep word gebruik om ’n parentese aan te dui, bv.
  *Die koringoes – wat beter as verlede jaar s’n is – behoort verligting te bring.*
- ✓ Die aandagstreep word in die plek van ander leestekens of sommige woorde gebruik om ’n verduideliking of ’n wending vooraf te gaan, bv. *Ek hou van werk – solank iemand anders dit doen.*

**Die asterisk** ( * )

Dit word gebruik om vir die leser aan te dui dat daar teks of inligting ontbreek.

**BETEKENISLEER/SEMANTIEK**

| Sinonieme | Antonieme | Homonieme | Homofone | Paronieme | Poliseme |
|---|---|---|---|---|---|
| Min of meer dieselfde betekenis | Teenoorgestelde betekenis | Spelling en uitspraak dieselfde | Uitspraak (klank) dieselfde | Stam dieselfde | Uitspraak en spelling dieselfde |
| | | Betekenis verskil | Spelling en betekenis verskil | Spelling en betekenis verskil | Betekenis verskil, maar die woorde is tog verwant |
| Voorbeelde: Die **grot** is donker. Die **spelonk** is baie nou. | Voorbeelde: Die **arme** bedel kos by die **ryke**.<br>Die werker is **trou** aan sy woord. Die man is **ontrou** aan sy vrou. | Voorbeelde: Hy **kam** sy hare.<br>Die hoenderhaan se **kam** is rooi.<br><br>Nog voorbeelde: https://www.beterafrikaans.co.za/website/index.php?pag=156 | Voorbeelde:<br>• Ons **reis** per trein. Ons eet baie **rys**.<br>• Die **vee** wei in die veld. Die **fee** swaai 'n towerstaf. | Voorbeeld:<br>• Ons besittings is **kosbaar**. Die grap is **kostelik**.<br><br>Skandeer die QR-kode of klik op die skakel om 'n video oor paronieme te sien:<br><br>https://goo.gl/L8ei2q | Voorbeelde:<br>• **voet** (= onderste deel): Die huis is aan die *voet* van die heuwel geleë. Een van sy skoene maak sy *voet* seer.<br>• **kruin** (= boonste deel): Hy het tot by die *kruin* van die berg geklim. Sy het die *kruin* van sukses in haar loopbaan bereik. |

**TAALVERSKYNSELS (PLANKVAT)**

**Pleonasme (woordoortolligheid)**

- ✓ Die onnodige herhaling van woorde in ‘n sin waar die betekenis van die een woord alreeds in die ander woord opgesluit is.
- ✓ bv. ‘n ronde sirkel; ‘n dooie lyk; te voet loop; ek persoonlik self; *reverse* agtertoe

**Leenwoorde**

- ✓ Dit is woorde wat Afrikaans aan ander tale ontleen het.
- ✓ bv. baie, blatjang (Maleis); casanova (Italiaans); ubuntu, stokvel, lapa (Afrikatale); rugby, krieket (Engels); restaurant (Frans); wok (Chinees)

**Analogie**

- ✓ Nuwe woorde en vorme ontstaan **na die voorbeeld van** dié wat reeds bestaan, bv.
  na die voorbeeld van ***misvorm*** word ***misverstaan*** en ***mishandel*** geskep.
  na die voorbeeld van ***gesing*** word verkeerdelik ***geverstaan***, ***gehersien*** en ***gebelowe*** geskep.

**Nuutskepping (Neologisme)**

- ✓ Dit is **nuwe woorde** wat geskep word om name vir nuwe uitvindsels te gee, bv. skandeerder, laserskyf, sellulêre telefoon, tabletrekenaar, flaterwater (“Tipp-ex”); gonswoord (“buzz word”); rymklets/ rymkletser (“rap”/ “rapper”); krammasjien (“stapler”)

**Kontaminasie (taalbesmetting)**

- ✓ **Twee woorde** of uitdrukkings met min of meer dieselfde betekenis word gemeng om een woord te vorm.
- ✓ bv. aanbetref (= aangaan + betref); laterhand (= later + naderhand); afeindig (afsluit + eindig); verassureer (verseker + assureer); broodnoodsaaklik (broodnodig + noodsaaklik)

**Volksetimologie**

- ✓ Uit onkunde of grappenderwys verander mense sommige vreemde woorde sodat dit Afrikaans kan klink en lyk; so word nuwe Afrikaanse woorde gevorm
- ✓ bv. **baiesukkel** en **kosmyniks** (vir die Engelse “*bicycle”* en “*cosmetics”*); **oliekolonie** (vir die Franse “*eau de cologne”)*

**Anglisisme**

- ✓ Dit is woorde/ uitdrukkings wat na die voorbeeld van Engels gevorm is terwyl daar ‘n Afrikaanse alternatief is.
- ✓ bv. *meer interessant* i.p.v. *interessanter; geniet jouself* i.p.v. *geniet dit; vang die grap* i.p.v. *snap die grap; dit proe lekker* i.p.v. *dit smaak lekker*

**Toutologie (stapelvorme)**

- ✓ Dit is die opeenstapeling van woorde/woorddele met dieselfde betekenisse.
- ✓ Dit kom **in een woord** voor
- ✓ bv. graftombe (graf = tombe); brokstuk (brok = stuk); *buldoghond* (dog = hond); kabeltou (kabel = tou); brakhond (brak = hond); kweekgras (kweek = ‘n soort gras); damwal (In Nederlands beteken *dam* = *wal*); mandjietjie (= dubbele verkleiningsuitgang); kinders (‘n Dubbele meervoudsuitgang kom voor, want in Nederlands dui –er alreeds meervoud aan en in Afrikaans word nog ‘n –s bygevoeg.)

---

**WOORDVORMING (MORFOLOGIE)**

- ✓ Stam: kleinste woorddeel waarvan die betekenis in ’n woordeboek opgeteken is
- ✓ Afleiding: stam + pre en/ of post {bv. be (pre)+ man (stam)}
- ✓ Samestelling: 2 of meer stamme (bv. handdoek; lewenskets (lewe + skets). Wees versigtig vir spelling! **ns** is ‘n verbindingsklank en nie ’n morfeem nie
  - Kern = laaste deel van samestelling (bv. geskiedenis**<u>boek)</u>**

- Bepaler = eerste deel van samestelling (bv. **geskiedenis**boek; **naslaan**boek; **lees**boek)

✓ Samestellende afleiding: 2 of meer stamme + pre en/ of post (bv. beplanningsvergadering = be+plan+ing+s+vergader+ing; s = verbindingsklank; metaalkleurig = metaal + kleur + ig)

✓ **Betekenis van morfeme**

LW: Skryf slegs die betekenis van die morfeem neer.

| | | |
|---|---|---|
| on- | = | nie (onwaar) |
| ont- | = | beroof van / wegneem (onthoof) |
| ont- | = | begin (ontkiem) |
| bio- | = | lewe (biosfeer) |
| be- | = | voorsien van (beman) |
| her- | = | weer (hersien) |
| anti- | = | teen/ gekant teen (anti-rugby) |
| ant- | = | teen (antwoord) |
| aarts- | = | opperste/ eerste/ oudste (aartsvader) |
| aarts- | = | baie erg (aartslui) |
| ver- | = | verander van (vervel) |
| e- | = | elektroniese (e-pos) |
| tele- | = | ver / oor ‘n afstand (televisie. teleskoop, telefoon) |
| mis- | = | verkeerd (misverstand, mistasting) |
| oer- | = | oud/ oudste / eerste (oermens) |
| sub- | = | onder (substandaard) |
| ko- | = | saam (koëdskool = ‘n skool waar seuns en dogters saam skoolgaan) |
| bi- | = | twee (bi-polêr = twee pole) |
| aëro- | = | lug (aërodinamies) |
| a- | = | nie (a-sosiaal) |
| -loos | = | sonder (rigtingloos) |
| wan- | = | verkeerd(e) (wanopvatting) |
| hiper- | = | bo / bokant / oor (hiperaktief) |
| oudio- | = | hoor (oudiovisueel) |
| outo- | = | self (outobiografie) |
| tele- | = | ver/ oor ’n afstand (televisie) |

---

**WOORDSOORTE ***

**Selfstandige naamwoord (s.nw.)**

| | |
|---|---|
| **Betekenis:** | Gewoonlik een of ander ding, persoon, plek, saak, eienskap of gebeurtenis. (kan konkreet of abstrak wees) |
| **Toets(e):** | 1. Kan daar 'n ***die*** of ***'n*** voor die woord staan?<br>2. Het die woord 'n meervoudsvorm? |
| **Voorbeelde:** | *stoel* > *die stoel*; *stoele; hondehok* > *'n hondehok*; *hondehokke* |
| **Soorte:** | • **Soortnaam** = konkrete dinge wat getel kan word (*stoel*; *hondehok)*<br>• **Eienaam** = spesifieke persone, plekke, organisasies, publikasies, ens.; neem gewoonlik nie meervoud nie (*Oranjerivier*; *Microsoft*; *Die Burger*<br>• **Massanaam** = goed wat eintlik nie getel kan word nie; neem meestal nie meervoud nie (*vleis*; *goud*)<br>• **Maatnaam** = beskryf 'n afgemete deel van 'n massanaam (*twee* ***kilogram*** *vleis*; *'n* ***sak*** *goud*) |

| | |
|---|---|
| | • **Abstrakte selfstandige naamwoord** = ontasbare dinge (*liefde*; *godsdiens*<br>• **Versamelnaam** = beskryf 'n groep soortname (***skool*** *visse*; ***trop*** *skape*) |

**Verkleining van woorde wat op –ng eindig**

- ✓ Eenlettergrepige woorde soos ring, ding, kring: kry **–etjie** (ringetjie, dingetjie, kringetjie)
- ✓ Meerlettergrepige woorde soos koning, piesang, vergadering:
  - Onthou sin: Koning trap gogga dood. (Die **K** is magtiger as die **g**)
  - Trek **g** deur; skryf **k** in plek daarvan neer.
  - Voeg **–ie** agteraan.
  - Dus: konin~~g~~; konin**k;** konin**kie**✓
    vergaderin~~g~~; vergaderin**k;** vergaderin**kie**
  - Moenie die meervoud vergeet nie.

**Eksamen-tipe vrae:**

- ✓ Benoem die woordsoort
- ✓ Benoem die selfstandige naamwoord volledig
- ✓ Gebruik as 'n selfstandige naamwoord in 'n sin van jou eie
- ✓ Vorm 'n selfstandige naamwoord van …
- ✓ Skryf die meervoudsvorm/verkleiningsvorm neer

**Werkwoord (ww.)**

| | |
|---|---|
| **Betekenis:** | Gewoonlik een of ander aksie of proses (al kan dit soms abstrak wees) |
| **Toets(e):** | 1. Kan jy ***hy*** of ***sy*** voor die woord gebruik (m.a.w. kan iemand dit doen of uitvoer)?<br>2. Het die woord 'n verledetydsvorm? |
| **Voorbeelde:** | • *speel > hy speel*; *het gespeel*<br>• *ruik > sy ruik*; *het geruik* |
| **Soorte:** | • **Hoofwerkwoord/ Selstandige werkwoord**<br>○ **Oorganklike hoofwerkwoord** = met 'n voorwerp in die sin (*hy* ***eet*** *pap*; *sy* ***kweek*** *groente*)<br>○ **Onoorganklike hoofwerkwoord** = sonder 'n voorwerp in die sin (*hy* ***eet*** *lekker; sy* ***stap*** *graag*)<br>○ **Deeltjiewerkwoorde** = skeibare werkwoorde (*hy* ***eet*** *sy pap* ***op*** *- hy sal sy pap* ***opeet***)<br>• **Koppelwerkwoord** = koppel die onderwerp aan 'n eienskap (*hy* ***word*** *'n onderwyser*; *sy* ***is*** *skatryk*) (*is/was, word; lyk; skyn; blyk*; ens.)<br>• **Hulpwerkwoord van tyd** = *het; sal* (*hy* ***het*** *sy pap geëet; sy* ***sal*** *groente kweek*)<br>• **Hulpwerkwoord van vorm** = in die lydende vorm**;** is***;*** *word (Die kos* ***word*** *geëet. Die kos* ***is*** *geëet.)*<br>• **Hulpwerkwoord van wyse** = *kan; mag; moet; sal; wil; laat; gaan* (Hy ***moet*** *sy pap eet; Sy* ***wil*** *graag groente kweek*; Ek ***mag*** *so sê*) |

**Eksamen-tipe vrae:**

- ✓ Benoem die woordsoort
- ✓ Benoem die werkwoord volledig
- ✓ Gebruik as 'n werkwoord in 'n sin van jou eie
- ✓ Vorm 'n werkwoord van …
- ✓ Gebruik die deeltjiewerkwoord skeibaar/onskeibaar in 'n siin

**Deelwoorde (dwe.)**

- ✓ Soos die naam aandui, is 'n deelwoord eintlik 'n woord wat deels 'n werkwoord en deels 'n ander woordsoort is. Dit kan byvoorbeeld as 'n selfstandige of byvoeglike naamwoord, 'n bywoord of 'n ander werkwoord gebruik word.
- ✓ Daar is twee soorte deelwoorde: voltooide (verlede) en onvoltooide (teenwoordige)
- ✓ **Teenwoordige (Onvoltooide) deelwoorde**
  - Ons gebruik teenwoordige deelwoorde as die aksie nog besig is om plaas te vind. Ons voeg dan ***-ende*** of ***–end*** aan die einde van die woord. Byvoorbeeld:
    - *Sy is **horende** doof.*
    - *Afrikaans is 'n **beskrywende** taal.*
- ✓ **Verlede (voltooide) deelwoorde**
  - Wanneer die aksie reeds plaasgevind het, vorm 'n mens die deelwoord deur *ge-* vooraan en *-de*, *-te* of *-e* agter aan die woord te voeg.
  - Daar is twee soorte verlede deelwoorde: **sterk** en **swak**
  - **Sterk verlede deelwoorde** kry gewoonlik 'n klankverandering. Byvoorbeeld:
    - *Hulle woon in 'n **gesogte** woonbuurt.*
  - Die **swak verlede deelwoorde** kry nie 'n klankverandering nie en word meestal in 'n letterlike betekenis gebruik. Byvoorbeeld: *Die **gesoekte** misdadiger is nog nie gevind nie.*
  - As die woord op ***k*** of ***p*** eindig, kry dit ***ge-***+***-te***. Byvoorbeeld:
    - *(kook) water* word ***gekookte*** *water*; *(kap) hout* word ***gekapte*** *hout*
  - As die woord op ***f***, ***g*** of ***s*** eindig, kry dit ***ge-***+***-te*** of ***ge-***+***-de***. Byvoorbeeld:
    - *(afstof) boekrak* word ***afgestofte*** of ***afgestofde*** *boekrak*
    - *(droog) vrugte* word ***gedroogte*** of ***gedroogde*** *vrugte*

---

**Lidwoord (lw. / lidw.)**

| | |
|---|---|
| **Betekenis:** | Bepaal 'n naamwoord |
| **Toets(e):** | 1. Is dit *die* of *'n*? |
| **Voorbeelde & Soorte:** | • *die (Bepaalde lidw.)*<br>• *'n* (Onbepaalde lidw.) |

**Byvoeglike naamwoord (b.nw.)**

| | |
|---|---|
| **Betekenis:** | Beskryf 'n eienskap van 'n selfstandige naamwoord of voornaamwoord |
| **Toets(e):** | 1. Kan dit voor 'n naamwoord staan, asook ná die koppelwerkwoord en steeds iets sê oor die naamwoord?<br>2. Het die woord trappe van vergelyking? |
| **Voorbeelde:** | • *kort > 'n kort rok - die rok is kort*; *kort - korter - kortste*<br>• *opgewonde > die opgewonde gehoor - die gehoor is opgewonde*; *opgewonde - meer opgewonde - die mees opgewonde* |
| **Soorte:** | • **Attributief** = staan saam met die naamwoord, meestal voor die naamwoord (*'n **kort** rok*; *die **opgewonde** gehoor*)<br>• **Predikatief** = staan saam met (gewoonlik ná) die koppelwerkwoord (*die rok is **kort**; die gehoor is **opgewonde***) |

**Trappe van vergelyking**

**Stellend**
hoog
fluks
bekend**e**

**Vergrotend**
ho**ër** (verbuiging)
fluks**er** (een -s)
**meer** bekend**e**

**Oortreffend**
(die) hoogste
(die) fluks**ste** (dubbel -s)
**mees** bekend**e**

- ✓ In die meeste gevalle:
  - Vergrotend = woord + er
  - Oortreffend = woord + ste
- ✓ Woorde op **e-uitgang** kry **meer** en **mees**
- ✓ Gee **net** die antwoord; die eerste een word nagesien
- ✓ Jy moet die antwoorde korrek spel bv. woe**ss**te
- ✓ Dubbele trappe van vergelyking (**mees** interessant**ste**, **meer** bekend**er**) is **verkeerd.**

**Onreëlmatige trappe van vergelyking:**

| Stellend | Vergrotend | Oortreffend |
|---|---|---|
| graag | liewer | (die) graagste |
| bietjie/weinig | minder | die minste |
| kwaad | kwater | die kwaadste |

**Intensiewe vorme**

- ✓ Intensiewe vorme is byvoeglike naamwoorde in die versterkende graad.
- ✓ Moenie verwar met trappe van vergelyking nie!
- ✓ Onthou: Ons skryf hierdie vorm altyd vas (as een woord), behalwe by ***wawyd oop*** en ***nugter wakker****.*
- ✓ Skryf jou antwoord só neer dat die nasiener nie moet twyfel of dit los of vas geskryf is nie.
- ✓ Voorbeelde: doodhonger; wondermooi; hemelhoog; plankdun; rietskraal; windskeef; broodnodig; propvol; stampvol; dolgelukkig; engelrein.
- ✓ Oppas vir verboë vorm, bv. ’n hemelho**ë** boom

---

**Bywoord (bw.)**

| | |
|---|---|
| **Betekenis:** | Beskryf die werkwoord of 'n byvoeglike naamoord |
| **Toets(e):** | 1. Beantwoord dit die vraag: "Hoe WW/B.NW.?<br>2. Sommiges kan trappe van vergelyking neem. |
| **Voorbeelde:** | • *vinnig > hy hardloop* ***vinnig*** (Hoe hardloop hy? *vinnig*)<br>• *besonder > sy is* ***besonder*** *mooi* (Hoe mooi is sy? *besonder*) |
| **Soorte:** | Daar is baie verskillende soorte bywoorde, waaronder:<br>• bywoorde van **tyd** (*môre; gister*)<br>• bywoorde van **plek** (*hier; daar*)<br>• bywoorde van **wyse** (*vinnig; trapsgewys*)<br>• bywoorde van **graad** (*besonder; baie; erg*) |

**Voornaamwoord (vnw.)  [ B P Bou Alle Onderdele Oorsee Waar Werkers Vinnig (is) ]**

| | |
|---|---|
| **Toets(e):** | 1. Persoonlike voornaamwoord: Kan dit in die plek van 'n naam staan?<br>2. Besitlike voornaamwoord: Kan dit in die plek van "X se" staan? |
| **Voorbeelde:** | • *hy*; *haar > haar boek* |
| **Soorte:** | • **Besitlike voornaamwoord** = *my/myne; jou/joune; sy/syne; haar/hare; ons; julle; hulle*<br>• **Persoonlike voornaamwoord** = *ek; jy; hy; sy; dit; ons; julle; hulle*<br>• **Betreklike voornaamwoord** = *wat; wie; wie se*<br>  ○ **W**IE kan slegs saam met 'n **voorsetsel** gebruik word of in 'n vraag en dan verwys dit altyd na mense bv. Die man met **W**IE ek praat, is my oom.<br>  ○ Gebruik altyd die voornaamwoord WAT as dit op mense, diere of dinge betrekking het, bv. Die man WAT daar loop, is siek.<br>• **Aanwysende voornaamwoord** = *hierdie; daardie; dié*<br>• **Onbepaalde voornaamwoord** = *niemand*<br>• **Onpersoonlike voornaamwoord =** *dit (bv. Dit reën)*<br>• **Wederkerende voornaamwoord** = *myself; jouself; homself; haarself; onsself; julleself; hulleself* [Onthou: enkelvoud]<br>• **Wederkerige voornaamwoord** = *mekaar* [Onthou: meervoud]<br>• **Vraende voornaamwoord** = *wie; wat; wanneer; waarom; hoekom* |

**Telwoord (telw.)**

| | |
|---|---|
| **Betekenis:** | Dui aantal of rangorde aan |
| **Toets(e):** | 1. Kan jy dit in syfers uitdruk? Hooftelwoord (Onbepaalde hooftelwoorde kan nie in syfers uitgedruk word nie.)<br>2. Dui dit 'n rangorde aan? Rangtelwoord (Engels: "ordinal number") |
| **Voorbeelde:** | • *sewentien > 17*<br>• *derde > 3de* |
| **Soorte:** | • **Bepaalde hooftelwoord** = *een; twee; drie*; ...<br>• **Onbepaalde hooftelwoord** = *baie; talle*; *horde*; ...<br>• **Bepaalde rangtelwoord** = *eerste; tweede; derde*; ...<br>• **Onbepaalde rangtelwoord** = *laaste; soveelste*; ... |

**Tussenwerpsel**

| | |
|---|---|
| **Sinoniem:** | Uitroep |
| **Betekenis:** | 'n Uitroep of uiting wat alleen kan staan.<br>Dit druk emosie (verbasing, blydskap, hartseer, pyn, ensovoorts) uit. |
| **Toets(e):** | 1. Kan die woord alleen staan in 'n sin?<br>2. Kan die woord gevolg word deur 'n uitroepteken of ellipsteken? |
| **Voorbeelde:** | • *Eina! ; Sjoe!; Uhm ...* |
| **Funksies:** | • "Jitte!" druk **verbasing** uit<br>• "Foeitog!" druk **bejammering** uit<br>• "Eureka!" is 'n triomfantlike uitroep van **ontdekking**,<br>• "Hiert!" word gebruik om **skok** of om **verwondering** uit te druk. |

**Voegwoord (voegw.)**

| | |
|---|---|
| **Betekenis:** | Skakel twee sinne of sinsdele aan mekaar |
| **Toets(e):** | Kan jy twee sinne maak as jy die voegwoord verwyder? |
| **Voorbeelde:** | • *Hy staan vroeg op, **dog** sy broer slaap laat. (Let op die komma voor en die normale woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Hy staan vroeg op. Sy broer slaap laat.]*<br>• *Hy is nie slim nie; **tog** presteer hy baie goed. (Let op die kommapunt voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Hy is nie slim nie. Hy presteer baie goed.]*<br>• *Sy kan nie optree nie, **aangesien** sy met vakansie is. ((Let op die komma voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Sy kan nie optree nie. Sy is met vakansie.]*<br>• *Ek gaan dit nie doen nie, **tensy** jy my help. (Let op die komma voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord. Let ook op dat die eerste deel van die sin negatief/ ontkennend is en die tweede deel positief. tensy = behalwe as) [Sinne: Ek gaan dit nie doen nie. Jy help my.]*<br>• *Jy moet jou werk leer, **tensy** jy nie wil slaag nie. (Let op dat die eerste deel van die sin positief en die tweede deel negatief/ ontkennend is.) [Sinne: Jy moet jou werk leer. Jy wil nie slaag nie.]*<br>• *Hy is nie siek nie; **inteendeel**, hy is perdfris. (Let op die kommapunt voor en die komma asook die normale woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Hy is nie siek nie. Hy is perdfris.]*<br>• *Hy was siek; **nogtans** het hy gespeel. (Let op die kommapunt voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Hy was siek. Hy het gespeel.]*<br>• *Sy motor het gebreek; **derhalwe** kon hy nie die funksie bywoon nie. (Let op die kommapunt voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Sy motor het gebreek. Hy kon nie die funksie bywoon nie.]*<br>• *Hy is voor op die wa; sy broer, **daarenteen**, is baie beskeie.(Let op die plasing van die leestekens en die woordorde) [Sinne: Hy is voor op die wa. Sy broer is baie beskeie.]*<br>• *Sy het niks oor die toets gesê nie; **trouens** sy wil nie daaroor praat nie. (Let op die kommapunt voor en die normale woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Sy het niks oor die toets gesê nie. Sy wil nie daaroor praat nie.]*<br>• *Dit het gereën; **gevolglik** kon ons nie buite speel nie. [Sinne: Dit het gereën. Ons kon nie **buite speel nie.***** |

* Inligting gedeeltelik van *Beter Afrikaans* verkry.

---

**SINSLEER**

**Byvoeglike bepaling**

- ✓ Een woord of groep woorde sonder ’n werkwoord/ werkwoordelike deel; Meer inligting oor <u>onderwerp</u> of <u>voorwerp</u> (naamwoord)
- ✓ **Wenk**: As jy gevra word om ’n sin met ’n **byvoeglike bepaling** uit te brei
  - begin deur die woord “**met**” onmiddellik na die onderwerp of voorwerp te skryf, byvoorbeeld *Die man lees ’n boek*. ⟶ *Die man **met die groen trui** lees ’n boek.*

- skryf ’n byvoeglike naamwoord voor die selfstandige naamwoord, byvoorbeeld: *Die seun eet appels.* ⟶ *Die **stout** seun eet appels.*

**Bywoordelike bepaling**

- ✓ Een woord of groep woorde sonder ’n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Meer inligting oor gesegde/ werkwoordelike deel: **hoe? wanneer? waar? waarom?**
- ✓ Onthou: bywoordelike bepaling moet een van bg. vrae beantwoord

  *bv. Die seun eet appels **gulsig.** (hoe)*
  *Die seun eet **elke dag** appels. (wanneer)*
  *Die seun eet appels **by die huis/buite.** (waar)*
  *Die seun eet appels **vir die lekkerte.** (waarom)*

**Byvoeglike bysin**

- ✓ Groep woorde met ‘n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Dit brei die <u>onderwerp</u> of die <u>voorwerp</u> van die hoofsin uit, Die man **wat daar loop,** is my oom.
- ✓ **Wenk**: As jy gevra word om ’n sin met ’n byvoeglike bysin uit te brei, begin met die woord “wat”, bv. Die man <u>wat die groen trui dra</u>, lees ’n boek.

**Bywoordelike bysin**

- ✓ ’n Groep woorde met ’n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Dit brei die gesegde van die hoofsin uit: **wanneer?, waar?, waarom? hoe?**
- ✓ Onthou: bywoordelike bysin moet een van bg. vrae beantwoord
- ✓ *Bv. Die seun eet appels **terwyl die son skyn.** (wanneer)*
  *Die seun eet appels **waar niemand hom sien nie.** (waar)*
  *Die seun eet appels **omdat hy daarvan hou.** (waarom)*

**Gesegdesin:** As die hoofsin se gesegde 'n koppelwerkwoord is, is die bysin 'n gesegdesin, bv.
Dit <u>lyk</u> (koppelww.) **of hy die skelm is.**

**Onderwerpsin**

- ✓ Dit is 'n bysin wat in sy geheel as onderwerp van die hoofsin optree, bv. **Wat jy doen,** is nie altyd reg nie.
- ✓ As DIT die onderwerp van die hoofsin is en die bysin kan in die plek van DIT gelees word, is die bysin ook 'n onderwerpsin, bv.

  Dit is onmoontlik **dat ek met Afrikaans kan sukkel.**
  ↓
  **Onderwerpsin**

**Voorwerpsin**

- ✓ Die bysin tree as voorwerp van die sin op, bv. <u>Hy</u> <u>dink</u> <u>hy sal slaag.</u>
  **Onderwerp** **Gesegde**
- ✓ Wanneer 'n vraagsin met WAT van die hoofsin gevorm word en die bysin is 'n antwoord op die vraag, is die bysin 'n voorwerpsin, bv.
  Sy vra = Hoofsin; Sy vra WAT? = ‘n Vraagsin wat van die hoofsin gevorm is.
  Sy vra <u>hoe laat hulle kom.</u> = Die onderstreepte sinsdeel is die **voorwerpsin.**

**Ontkennende vorm**

- ✓ In Afrikaans gebruik ons die dubbele *negatief*, bv. Ek gaan **nie** nou slaap **nie**.
  Die woorde **geen, g'n, nooit, niks, niemand, nêrens en geeneen** kry **ook ‘n nie** aan die einde van die sin, bv. **Niemand** kom by ons kuier **nie**.
- ✓ Onthou: As jy ’n vraagsin in die ontkennende vorm moet skryf, moet jou antwoord ook ’n vraagsin wees. Die sin: **Het jy al ooit so iets gesien?** word in die ontkennende vorm:
  **Het jy <u>nog nooit</u> so iets gesien <u>nie</u>?**

✓ Leer die volgende veranderinge:

| | |
|---|---|
| al/ reeds/ alreeds | nog nie |
| ooit | nooit |
| al ooit | nog nooit nie |
| iemand | niemand |
| êrens | nêrens |
| altyd | nie altyd nie OF nooit nie |
| nog/steeds | nie meer nie |
| óf...óf | nóg... nóg |
| alles | niks nie/ nie alles… nie |
| almal/iemand | niemand nie/ nie almal … nie |
| al iets | nog niks nie |

✓ BELANGRIK: Moenie **nie** saam met werkwoorde soos *belet, keer, voorkom, verbied, verhinder* en *verhoed* gebruik nie, bv.
Die twee werkers het aan die dak vasgeklou om te keer dat die wind die dak afruk. ✓
[VERKEERD: Die twee werkers het aan die dak vasgeklou om te keer dat die wind die dak **nie** afruk **nie. ×** **EN** Die twee werkers het aan die dak vasgeklou om te keer dat die wind die dak afruk **nie. ×**]

**Direkte en Indirekte Rede**

✓ Die Direkte Rede bevat ‘n persoon se **direkte woorde presies** soos hy/sy dit gesê en bedoel het. Die Indirekte rede is ‘n **oorvertelling** van **presies** wat ’n persoon gesê en bedoel het. DIE BETEKENIS VAN DIE SIN BLY DUS DIESELFDE.

**Hoe om van die Direkte na die Indirekte Rede oor te skryf:**

1. Behou die tydsvorm.
2. Sit die voegwoord “dat” by. (OPSIONEEL)
3. Laat die dubbelpunt en die aanhalingstekens weg.
4. Verander die woorde wat moet verander:

<table>
<tr><td>ek, jy, jou</td><td rowspan="16">VERANDER NA</td><td>hy/sy/haar</td></tr>
<tr><td>ons / julle</td><td>hulle</td></tr>
<tr><td>my</td><td>sy/haar</td></tr>
<tr><td>myne/joune</td><td>syne/ hare</td></tr>
<tr><td>gister</td><td>die vorige dag</td></tr>
<tr><td>môre/ oormôre</td><td>die volgende dag/ twee dae later</td></tr>
<tr><td>vandag</td><td>daardie dag</td></tr>
<tr><td>verlede week</td><td>die vorige week</td></tr>
<tr><td>môreoggend</td><td>die volgende oggend</td></tr>
<tr><td>hierdie</td><td>daardie</td></tr>
<tr><td>ons s'n, julle s'n</td><td>hulle s'n</td></tr>
<tr><td>volgende jaar</td><td>die jaar daarna</td></tr>
<tr><td>eergister</td><td>twee dae gelede/ tevore</td></tr>
<tr><td>nou</td><td>toe</td></tr>
<tr><td>hier</td><td>daar</td></tr>
<tr><td>vanaand</td><td>daardie aand</td></tr>
</table>

5. Voeg woorde in wat nodig is sodat die sin reg kan lees.
6. Sorg dat die woordorde reg is.

**Lydende (passief) en bedrywende (aktief) vorm**

- ✓ Bedrywend = Onderwerp – Voorwerp (OV); Lydend = Voorwerp – Onderwerp (VO)
- ✓ Die nuwe sin se **betekenis** en **tyd** moet dieselfde bly.
- ✓ Voorwerp en onderwerp ruil posisies
- ✓ **Wenk: Gee aandag aan die omskakeling van veral die gesegdes:**

| | **Bedrywende vorm** | **Lydende vorm** |
|---|---|---|
| Teenwoordige tyd: | Ek **eet** 'n appel. | 'n Appel **word** deur my **geëet**. |
| Vertede tyd: | Ek **het** 'n appel geëet. | ‘n Appel **is** deur my **geëet**. |
| Toekomende tyd: | Ek **sal** 'n appel eet. | 'n Appel **sal** deur my **geëet word**. |

- ✓ **Onthou:** **Die Bedrywende** vorm begin met die <u>onderwerp</u> van die sin, bv.
  <u>Jan</u> (= die onderwerp) eet 'n appel.
  **Die Lydende vorm** begin met die <u>voorwerp</u> van die sin, bv.
  <u>’n Appel</u> (= die voorwerp) word deur Jan geëet.
- ✓ Indien jy ‘n sin wat in die **verlede tyd** staan in die **lydende vorm** moet skryf, moet jy ALTYD die werkwoord <u>**is**</u> gebruik. (Die seuns **het** gatsbys **geëet**.→ Gatsbys **is** deur die seuns **geëet**.)
- ✓ As daar in die bedrywende vorm nie ‘n direkte voorwerp is nie, moet jy in die lydende vorm met DAAR begin, bv. Die kinders werk. DAAR word deur die kinders gewerk.

**Stappe:**

1) Bepaal wat die Onderwerp, Gesegde en Voorwerp van die gegewe sin is (Dui dit aan met O, G en V).
2) Bepaal in watter TYD die gegewe sin geskryf is (Die tyd word deur die gesegde aangedui).
3) Begin die sin in die ander vorm te skryf deur die O en V plekke te laat ruil.
4) Sorg dat die “nuwe” sin se **betekenis** en **tyd** dieselfde is as dié van die gegewe sin.
5) Onthou om “is” te gebruik as jy ’n sin wat in die verlede tyd staan, in die lydende vorm moet skryf.
6) Maak seker dat die “nuwe” sin se woordorde korrek is.

**Sinswyse**

**Onbepaalde wyse (Infinitief)**

- ✓ Dit is die vorm van die selfstandige werkwoord wat nie altyd spesifiek aandui dat die handeling deur iets of iemand verrig word nie. Die infinitief word gewoonlik <u>**ná**</u> **te** of **om te** gebruik, bv.
  - Dis lekker *om te* **swem**.(Die infinitief is <u>swem)</u>
  - Jy hoef nie *te* **kom** nie. (Die infinitief is <u>kom</u>)
  - (*Om te***) Slaap** is noodsaaklik vir goeie gesondheid. (Die infinitief is <u>slaap</u>.)

**Aantonende / aanwysende wyse**

- ✓ Dit stel 'n handeling as **werklikheid** voor in die hede, verlede en toekoms, bv.
  - Ek eet 'n peer OF Ek sal 'n peer eet.

**Aanvoegende / toevoegende wyse**

- ✓ Die handeling is nie soos by die aantonende wyse 'n werklikheid nie, maar ‘n **moontlikheid, waarskynlikheid of wenslikheid**, bv.
  - Hy mag dalk die werkstuk voltooi./ Hy sal seker nog die werkstuk voltooi.
  - As ek 'n miljoen rand wen... / Was ek maar ‘n miljoenêr ...

**Gebiedende wyse**

- ✓ Die handeling word as 'n **bevel**, **verlange**, **bede** of **versoek** voorgestel, bv.
  Was die hond! Laat my asseblief gaan!

**Vraende wyse**

✓ Dit word deur ‘n **vraagsin** aangedui, bv. Sal julle die werk doen?

---

**Kritiese taalbewustheid**

| | |
|---|---|
| **MANIPULERENDE TAAL** - hierdie begrip verwys na die tipe emosionele taalgebruik wat adverteerders gewoonlik gebruik om mense te oortuig om ‘n produk te koop. | *“Hierdie tandepaste is die ongelooflikste produk vir die witste tande onder die son!”* |
| **STEREOTIPERING** - stereotipering is ’n vereenvoudigde idee wat mense oor iets, iemand of ’n groep het en daarmee volhard, ongeag wat die waarheid is. Gewoonlik word dit gebruik wanneer iemand veralgemeen. | *“tieners is ’n onverantwoordelike groep kinders”/” vroue se plek is in die kombuis”/”mans mag nie huil nie”/”Kapenaars kan net vis belowe”* |
| **VOOROORDEEL** - dit is wanneer daar ’n vooropgestelde idee/wanbegrip bestaan oor ’n spesifieke groep mense of ’n individu. Hierdie wanbegrip berus gewoonlik nie op feite/kennis nie en is baie keer onredelik | *“Ek sal versigtig wees om te glo wat hy sê, want hy is ’n politikus!”* |
| **PARTYDIGHEID** - dit is wanneer die geneigdheid ontstaan om kant te kies vir of teen iets of iemand. | *“Ek gaan vir die A-party stem, want hulle sal sorg dat ek ’n werk het.”* |
| **DENOTASIE** - die denotasie van ’n woord is die gewone betekenis van ’n woord; die letterlike, saaklike en objektiewe betekenis van ’n woord. | *“Hy is in die wolke.” = Hy vlieg deur die wolke.* |
| **KONNOTASIE** - konnotasie dui op die ongewone betekenis van ’n woord, ’n bybetekenis; gewoonlik is dit die figuurlike betekenis van ’n woord. | *“Hy is in die wolke.” = Hy is baie opgewonde/bly oor iets.* |
| **GEÏMPLISEERDE BETEKENIS** - ’n verskuilde boodskap | *“As ek tussen blomkool en patats moet kies, verkies ek eerder pampoen.”* |

---

**OEFENINGE**

**OEFENING 1: ADVERTENSIE**

**Wanneer jy ’n vraag oor die advertensie moet beantwoord, behoort jy oor die volgende te dink:**

✓ Wat word geadverteer en hoe weet jy dit?
✓ Wie is die teikengroep? (Wie sal waarskynlik die geadverteerde produk koop?)
✓ Wat het die ontwerpers van die advertensie gedoen om seker te maak dat dit die teikengroep se aandag trek? Kyk byvoorbeeld na die uitleg en die verskillende lettertipes wat gebruik is.
✓ Watter tipe taal gebruik die ontwerpers en hoekom gebruik hulle sekere woorde?
✓ Let op die effektiewe gebruik van leestekens om ’n sekere atmosfeer te skep/emosie op te wek.
✓ Beeldspraak (bv. vergelykings, metafore, personifikasie, ens.) en stylfigure (bv. klanknabootsing, ironie, ens.) is ook effektiewe advertensiemiddele.

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




| | | |
|---|---|---|
| 1.1. | Watter produk word geadverteer? | (1) |
| 1.2. | Wie is die waarskynlike teikengroep van die advertensie? | (1) |
| 1.3. | Verduidelik die betekenisverskil tussen die woorde in Deel 1 en Deel 2 van die advertensie. | (2) |
| 1.4. | Skryf die sin in Deel 2 oor en voeg die regte leestekens en hoofletter in. | (2) |
| 1.5. | In Deel 3, onder die prentjies, staan die volgende woorde: "Onweerstaanbaar. Met of sonder kappie. | |
| 1.5.1. | Watter woord in Deel 3 is na jou mening 'n voorbeeld van manipulerende taal? | (1) |
| 1.5.2. | Wat beteken die premorfeem on- in **onweerstaanbaar**? | (1) |
| 1.5.3. | Wat is, volgens die advertensie, onweerstaanbaar? | (1) |
| 1.5.4. | Skryf die postmorfeem in die woord **onweerstaanbaar** neer. | (1) |
| 1.5.5. | | |
| 1.5.5.1. | Watter twee soorte kappies is in hierdie advertensie ter sprake? | (1) |
| 1.5.5.2. | Na watter **kappie** word in Deel 3 verwys? | (1) |
| | | **[12]** |

**OEFENING 2: VISUELE TEKSTE (STROKIESPRENTE)**

**Wanneer jy ’n strokiesprent moet ontleed, is dit belangrik om aandag aan die volgende vrae te skenk:**

- ✓ Is die doel van die strokiesprent om my te laat lag of wil dit hê dat ek ernstig moet nadink?
- ✓ Wat kan ek omtrent die liggaamstaal van die karakters in die teks aflei?
- ✓ Wat kan ek aflei t.o.v. die lettertipe en -grootte wat gebruik is?
- ✓ Gee die gebruik van leestekens dalk ’n spesifieke boodskap?
- ✓ Watter verbande kan ek tussen die woorde en die sketse/tekeninge lê?

Lees die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Raam 1** **Raam 2** **Raam 3**




2.

| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Watter klankverskynsel kom voor indien die woord **<u>anders</u>** (raam 1) as ***anners*** uitgespreek word? | (1) |
| 2.2. | Gee een woord vir die woorde **<u>in die middae</u>** in Raam 2. | (1) |
| 2.3. | Verdeel die woord **<u>geluister</u>** (Raam 2) in klankgrepe. | (1) |
| 2.4. | Skryf ’n bywoordelike bepaling van tyd uit Raam 3 neer. | (1) |
| 2.5. | Skryf die meervoudsvorm van die woord **<u>radio</u>** (Raam 3) neer. | (1) |

**EN**

**Raam 4** **Raam 5** **Raam 6**




[Uit: http://meester.yolasite.com/]

2.6. Skryf Meester se eerste sin in Raam 4 in die indirekte rede.
Begin so: Meester sê … (1)

2.7. Gebruik die homoniem van die woord **leer** (Raam 5) in ’n sin van jou eie. (1)

2.8. Meester se woorde in Raam 6 word beklemtoon deur dit in hoofletters te skryf.
Skryf die woord **nou** (Raam 6) oor en gebruik die korrekte klemteken(s) om die woord te beklemtoon. (1)

2.9. Gee ’n sinoniem vir die woord **nou** (Raam 6) wat in die sin sal pas. (1)

2.10. Gee die vergrotende trap van die woord **kwaad** in Raam 6. (1)

**[10]**

**OEFENING 3: WOORDTEKS (KOERANTBERIG)**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Pikkewynkuiken is ’n** (3.1) **vegter**

1. ’n Brilpikkewynkuiken wat wees sonder ouers gelaat is toe ’n luiperd in Junie op ’n kolonie pikkewyne van Bettysbaai toegeslaan het, raak by die dag sterker.

2. Die kuiken word by die Suider-Afrikaanse Stigting vir die Bewaring van Kusvoëls (Sankub) in Kaapstad versorg tot hy sterk genoeg is om die wye wêreld aan te **(3.5)** …

3. Die luiperd, wat die kolonie pikkewyne op 11 Junie aangeval het, het 33 pikkewyne doodgemaak en eiers en kuikens sonder sorg agtergelaat.

4. Vyf pikkewyneiers is met spesiale broeikaste na Sankub vervoer, maar dit was net moontlik om twee van die eiers uit te broei.

5. Een van die kuikens het oorleef en word saam met die kuiken wat in ’n nes gekry is, versorg.

[Aangepas uit: ***Netwerk24***, 14 Julie 2016]

3.1. Watter woordsoort is die woord **vegter** in die opskrif? (1)

3.2. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.2) en die letter (A, B, C of D) van die korrekte antwoord neer.
Die frase ***sonder ouers*** (paragraaf 1) is ‘n voorbeeld van die taalverskynsel …
A. Neologisme.
B. Toutologie.
C. Pleonasme.
D. Volksetimologie. (1)

3.3. Watter soort selfstandige naamwoord is die word **kolonie** (paragraaf 1)? (1)

3.4. Skryf die intensiewe vorm van die woord **sterk** (paragraaf 2) neer. (1)

3.5. Skryf die infinitief wat aan die einde van paragraaf 2 ingevul moet word, neer. (1)

3.6. Skryf die byvoeglike bysin uit paragraaf 3 neer. (1)

3.7. Verdeel die word **pikkewyneiers** (paragraaf 5) in lettergrepe. (1)

3.8. Skryf die kern van die samestelling **broeikaste** (paragraaf 4) neer. (1)

3.9. Skryf in die TOEKOMENDE tyd:
*Dit was net moontlik om twee van die eiers uit te broei.* (1)

3.10. Is die woord **<u>versorg</u>** (paragraaf 5) 'n afleiding of 'n samestellende afleiding? (1)

**[10]**

---

**MEMORANDUM VAN OEFENINGE OOR TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Advertensie**

1.1. Die Nissan 350 Z/ 'n motor (1)
1.2. Mense wat motors wil koop. (1)
1.3. Deel 1: Die meisie se lippies word <u>beskryf</u>. Deel 2: Die meisie <u>sê</u> dat iemand haar lippies moet soen. (2)
1.4. Die meisie sê**:** "**S**oen my lippies**.**" (2)
1.5.
1.5.1. Onweerstaanbaar (1)
1.5.2. nie (1)
1.5.3. Die motor/
Die meise se lippies (1)
1.5.4. -baar (1)
1.5.5.
1.5.5.1. Die kappie (skryfteken) op die ***e***- in **sê**; Die kappie op die motor. (1)
1.5.5.2. Die kappie op die motor (1)

**Strokiesprente**

2.1. Assimilasie (1)
2.2. smiddae (1)
2.3. ge-lui-ster (1)
2.4. in daardie tyd (1)
2.5. radio's (1)
2.6. Meester sê (dreigend) dat Neelsie nooit sy huiswerk doen nie OF Meester sê Neelsie doen nooit sy huiswerk nie. (1)
2.7. bv. Ek klim op die leer. (1)
2.8. nóú (1)
2.9. onmiddellik (1)
2.10. kwater (1)

**Koerantberig**

3.1. selfstandige naamwoord (1)
3.2. C/Pleonasme (1)
3.3. versamelnaam (1)
3.4. ystersterk (1)
3.5. durf (1)
3.6. wat die kolonie pikkewyne op 11 Junie aangeval het (1)
3.7. pik-ke-wyn-ei-ers (1)
3.8. kaste (1)
3.9 Dit sal net moontlik wees om twee van die eiers uit te broei. (1)
3.10 afleiding (1)